## HOOFSTUK SESTIEN.

## DIE WERKWOORD: **DEELWOORDE.**

Net soos die onbepaalde wys is die deelwoord 'n skakel tussen naamwoorde en werkwoorde. Uit die naam: **deelwoord,** blyk reeds dat ons hier te doen het met iets in die taal wat nie net één funksie verrig nie maar 'n tweeledige karakter vertoon: **deels** dié van 'n **werkwoord,** en **deels** dié van 'n **naamwoord** (bnw., snw., byw., voors., ens.), soos straks sal blyk.

Ons onderskei tussen ONVOLTOOIDE en VOLTOOIDE deelwoorde. Die eerste druk 'n handeling uit wat **nog aan die gang** is, en **dus onvoltooid** (kiesende, skrywende, lopende); die laaste druk 'n handeling uit wat **reeds afgeloop of voltooi** is (gekies, gekose; geskryf, geskrewe; geloop).

### DIE ONVOLTOOIDE DEELWOORD.

Soos blyk uit die voorbeelde hierbo, word die onvolt. deelw. in die meeste gevalle gevorm deur **-ENDE** by die infinitiefvorm (teenw. tyd) te voeg:—

kies**ende,** skryw**ende,** lop**ende.**

In die geval van die ww. **doen, gaan, sien, slaan, staan,** en hulle samestellinge en afleidinge, word die onvolt. deelw. gevorm deur **-DE** (i.p.v. -ende) by die inf. te voeg:—

doen**de,** gaan**de,** sien**de,** slaan**de,** staan**de.**

voordoen**de,** uitgaan**de,** besien**de,** beslaan**de,** bestaan**de,** ens.

Die onvolt. deelw. het sy werkwoordelike karakter feitlik heeltemal verloor, en word meestal net as naamwoord (veral bnw.) aangetref. Ons vind die onvolt. deelw. in Afrikaans:—

1. **As attributiewe bnw.,** d.w.s. die onvolt. deelw. staan direk voor 'n snw. en verrig die funksie van 'n bnw.:—

   **skrywende** skoliere, **lopende** water, **doeltreffende** maatreëls.

   Baie attributief-gebruikte onvolt. deelw. vertoon ook trappe van vergelyking, en verraai sodoende nog verder hulle naamwoordelike karakter: **doeltreffender** maatreëls, die **doeltreffendste** maatreëls.

2. **As predikatiewe bnw.,** d.w.s. die onvolt. deelw. staan direk na 'n koppelww. en vorm deel van die gesegde terwyl dit die onderwerp nader bepaal :—

   Die man is **sterwende** (lydende).
   Die saak is nog **hangende.**
   Jan is **welsprekend.**
   Die maatreëls skyn **doeltreffend.**
   Dit is baie **teleurstellend.**

3. **As selfst. naamwoord** :—

   Hy gaan te kere soos 'n **rasende.**
   Help die **noodlydendes (hulpbehoewendes)** in die geteisterde streke.

4. **As bywoord** :—

   Dit het **aanhoudend** gereent.
   Almal het **belangstellend** geluister.
   Hy is **siende** blind en **horende** doof.
   Jan hardloop **verbasend** vinnig.

5. **As voorsetsel** :—

   Dit reent baie by ons **gedurende** die winter.
   Gee my alle besonderhede **aangaande (betreffende)** die saak.
   **Nieteenstaande** die reën sal ek gaan.

   Hierdie onvolt. deelw. het met verloop van tyd hulle karakter as deelw. feitlik heeltemal verloor en kom nog net as voors. voor.

## DIE VOLTOOIDE DEELWOORD.

Die volt. deelw. word in die meeste gevalle gevorm deur **GE-** voor die infinitief-vorm te voeg :—

gekies, gekose ; geskryf, geskrewe ; geloop.

Soos ons in die volgende hoofstuk sal sien, staan **ge-** by **skeidbaar samegestelde ww.** tussen die twee dele van die samestelling :—

uitgekies, voorgeskryf, nageloop.

**Onskeidbaar samegestelde ww.** vorm hulle volt. deelw. sonder **ge-,** d.w.s. die volt. deelw. vertoon hier dieselfde vorm as die infinitief :—

verkies, beskryf, ontloop.

(Sien volgende hoofstuk).

**Werkwoorde op** -EER vertoon twee vorme van die volt. deelw.: **met** GE- en **sonder** GE- :—

**ge**regeer of regeer, **ge**realiseer of realiseer, ens.

Die volt. deelw. openbaar in sy gebruiksvorme nog duidelik sy tweeledige karakter: in sekere verbande verrig dit 'n werkwoordelike, in ander 'n naamwoordelike funksie, soos ons straks sal sien.

Die volt. deelw. word gebruik :—

1. Met die hulpww. **het, word, is, was** om verskillende **werkwoordtye te voltooi,** b.v.

   Ek **het** nou net **gekies** (volt. teenw. tyd, aktief).

   Jan **word geslaan** (onvolt. teenw. tyd, passief).

   (Vir verdere voorbeelde sien vervoeging van **kies,** vorige hoofstuk).

**Opm. (i).**—Uit hierdie gebruik straal duidelik die werkwoordelike karakter van die volt. deelw., want hier is die volt. deelw. 'n onafskeidbare deel van die ww.

**Opm. (ii).**—In die bedrywende vorm kom die volt. deelw. alleen voor in dié tye waarin **het** voorkom; in die lydende vorm word die volt. deelw. deurgaans gevind (in verbinding met: word, is en was).

2. **As attributiewe bnw.** :—

| **-DE.** | | **-TE.** | |
|---|---|---|---|
| (l) | **betaalde** skulde | (p) | **geslypte** messe |
| (m) | 'n **verdoemde** man | (k) | **gebakte** eiers |
| (n) | 'n **geleende** bril | (f) | **gesifte** meel |
| (ng) | **gemengde** tabak | (g) | **geagte** heer |
| (r) | 'n **geleerde** man | (s) | 'n **gelaste** lap |
| (vok.) | **gesaaide** saad | | |
| (f) | die **beloofde** prys | | **-E.** |
| (g) | die **gebuigde** tak | (d) | **gebrande** gras |
| (s) | 'n **verbaasde** man | (t) | 'n **gewitte** muur. |

Uit hierdie voorbeelde blyk dat attributief-gebruikte volt. deelw. op **-de, -te** en **-e** kan eindig. Dis uiters moeilik om hier vaste reëls neer te lê. Die volgende moet alleen as 'n baie algemene neiging beskou word :—

Op **-DE** : (1) ww. wat eindig op **l, m, n, ng, r** of 'n **vokaal.**

(2) Ww. op **f, g, s,** waar die **f, g, s** voorafgegaan word deur 'n **lang vokaal** (beloofde, verbaasde) of 'n **diftong** (gebuigde).

Op **-TE** : (1) Ww. op **p, k.**
(2) Ww. op **f, g, s,** waar hierdie medeklinkers voorafgegaan word deur 'n **kort, beklemtoonde** vokaal.

Op **-E** : ww. op **d** en **t.**

**Opm. (i).**—Die feilbaarheid van hierdie „reëls" blyk uit gevalle soos hooggeplaas**te**, ens.

**Opm. (ii).**—Sogenoemde „sterk" verl. deelw., met of sonder verandering van die stamklinker, eindig almal op **-E** ; hulle word later behandel.

3. **As predikatiewe bnw.** :—
Die man is baie **geleerd.**
Die mes voel **geslyp.**
Ek bly maar **onbeslis.**
Ek voel **teleurgesteld.**
(Sien ook algemene opmerking hieronder.)

4. **As selfstandige naamwoorde** :—
Mej. M. is sy **beminde (verloofde).**
Al die **geleerdes** het vergader.
**Ondergetekende** wens te getuig dat . . . .
Die **besetene** het sy klere van hom afgeskeur.
Ek het nie genoeg **gegewens** nie.

5. **As bywoorde** :—
Jy moet **gereeld** jou werk doen.
Dis **bepaald** ongelukkig.
Hy is **ongetwyfeld** verkeerd.

Uit 1 blyk, soos ons gesien het, die werkwoordelike en uit 2, 3, 4 en 5 die naamwoordelike karakter van die volt. deelwoord.

Hierdie tweeledige karakter van die volt. deelw. blyk verder uit 'n hele aantal gevalle waar ons twee vorme vir die volt. deelw. naas mekaar aantref : één met **-d** en één sonder **-d.** Die één **met** -D vind ons gewoonlik in dié gevalle waar ons die volt. deelw. meer bepaald as **naamwoord** voel ; en die vorm **sonder** -D waar ons dit meer as **deel van die ww.** voel. So kry ons :—

{ Die man is **geleerd** (meer as bnw.)
{ Die les is **geleer** (deel van die ww.)

In : Die les is geleer, is **geleer** 'n onmisbare deel van die ww. (is geleer : volt. teenw. tyd, passief) ; in : Die man is geleerd,

is **geleerd** nie so seer deel van die ww. (is) nie, maar meer 'n predikatiewe bnw. wat **man** bepaal en wat met die koppelww. **is** die hele gesegde vorm. Vergelyk ook die volgende gevalle :—

| **Werkwoordelike funksie.** | **Naamwoordelike funksie.** |
| --- | --- |
| 1. Hy het my **teleurgestel.** | 1. Ek voel **teleurgesteld.** |
| 2. Hy het sy skuld **beken.** | 2. Die man is **bekend.** |
| 3. Ek het my daaroor **verwonder.** | 3. Ek voel **verwonderd** daaroor. |
| 4. Ek het jou stem **gehoor.** | 4. So iets is **ongehoord.** |
| 5. Dit het my baie **gesteur.** | 5. Ek voel erg **gesteurd.** |
| 6. Hulle het die plaas **verdeel.** | 6. Ons volk is nog maar baie **verdeeld.** |
| 7. Die huis is **gemeubileer.** (onvolt. verl. tyd, passief). | 7. Die huis is **gemeubileerd.** (onvol. teenw. tyd, aktief). |
| 8. Hy het my 'n vraag **gestel.** | 8. Hy is erg op so iets **gesteld.** |
| 9. Ons het die kind **ontwikkel.** | 9. Die kind is **ontwikkeld.** |
| 10. Hy het hom op sy verlede **beroem.** | 10. Prof. S. is **beroemd.** |
| 11. Hulle het die kind **verwen.** | 11. Die kind is **verwend.** |
| 12. Jy het die twee **verwar.** | 12. Jy is totaal **verward.** |
| 13. Dit het my **vermoei.** | 13. Hy lyk so **vermoeid.** |
| 14. Ons het ons helde **geëer.** | 14. Ek voel baie **geëerd.** |

## SOGENOEMDE „STERK" VOLTOOIDE DEELW.

Aan die begin van die vorige hoofstuk het ons gesien wat die verskil is tussen sg. swak en sterk werkwoordvorme. In Afrikaans tref ons 'n hele klompie „sterk" volt. deelw. aan, vir die grootste deel uit Nederlands oorgeërf, of in Afrikaans gevorm onder Nederlandse invloed. Hulle getal is beperk. Hulle is nie alleen interessant as skakels met die verlede nie, maar vorm ook 'n skilderagtige deel van ons taal.

Gewoonlik vind ons hierdie verboë vorme van die volt. deelw. as attributief-gebruikte bnw. ('n **bedorwe** kind) ; 'n enkele keer ook as snw. (die **agtergeblewenes, aangesetenes**).

| | |
| --- | --- |
| aanbeveel | die **aanbevole** maatreël |
| aanbid | 'n **aangebede** afgod |
| aansit | **aangesetenes** |
| aanwys | die **aangewese** persoon |

| | |
|---|---|
| agterbly | die **agterblewenes** |
| baar | 'n **gebore** onderwyser |
| bederf | 'n **bedorwe** kind |
| bedrieg | 'n **bedroë** persoon |
| begin | die **begonne** taak |
| behelp | 'n **onbeholpe** styl |
| besin | 'n **onbesonne** daad |
| beskryf | **beskrewe** wette |
| bespreek | **besproke** plekke |
| bestry | 'n **onbestrede** mosie |
| bind | 'n **gebonde** lewe |
| breek | **gebroke** Engels |
| buig | met **geboë** hoof |
| deurdink | 'n **goed-deurdagte** plan |
| doen | **gedane** sake |
| dwing | **gedwonge** onderwys |
| geniet | **genote** spyse |
| inneem | 'n **ingenome** standpunt |
| kies | 'n **gekose** komitee |
| | die **uitverkore** volk |
| klink | 'n **beklonke** saak |
| krimp | 'n **bekrompe** man |
| lê | 'n **afgeleë** dorp |
| | 'n **vergeleë** (verafgeleë) plaas |
| ly | **gelede** onreg |
| | **verlede** maand |
| | die **oorlede** man |
| | die **oorledene** |
| neem | 'n **genome** besluit |
| | 'n **aangenome** kind |
| opskiet | 'n **opgeskote** seun |
| opwen | **opgewonde** mense |
| prys | 'n **veelgeprese** boek |
| ry | die **berede** poliesie |
| sing | **gesonge** liedere |
| sink | 'n **laag-gesonke** man |
| skend | **geskonde** regte |
| skep | 'n **welgeskape** kind |
| skink | 'n **beskonke** Hottentot |
| skrik | 'n **onverskrokke** held |
| sluit | met **geslote** deure |

| | |
|---|---|
| slyp | 'n **geslepe** vent |
| sny | **fynbesneë** trekke |
| soek | 'n **uitgesogte** geleentheid |
| spreek | die **gesproke** woord |
| steek | 'n **deurgestoke** kaart |
| suip | 'n **besope** vent |
| sweer | **geswore** vriende |
| trek | **betrokke** lug |
| | die **betrokke** departement |
| | 'n **afgetrokke** geaardheid |
| uitspreek | 'n **uitgesproke** wens |
| verberg | **verborge** skatte |
| verbied | **verbode** vrugte |
| verbuig | **verboë** vorme |
| verdink | 'n **verdagte** persoon |
| verhef | 'n **verhewe** posiesie |
| verkry | **verkreë** vryheid |
| verskyn | **verskene** boeke |
| verslyt | **verslete** klere |
| verwerp | 'n **verworpe** voorstel |
| win | 'n **gewonne** saak |
| | **herwonne** vryheid |

In al die bogenoemde volt. deelw. kry ons verandering van die stamklinker. In 'n paar gevalle het die oorspronklike ww., waarvan die volt. deelw. afgelei is, heeltemal in onbruik geraak : 'n **voldonge** feit (oorspr. ww. : volding), **verlede** maand (verly), 'n **ingetoë** geaardheid, ens.

Verdere erfstukke van verboë volt. deelw., maar **sonder verandering van die stamklinker,** kry ons in gevalle soos :—

| | |
|---|---|
| gee | op 'n **gegewe** oomblik |
| | **gegewens** |
| genees | **genese** wonde |
| graaf | 'n **gegrawe** gat |
| | **uitgegrawe** goud |
| lees | 'n **gelese** rapport |
| | 'n **belese** man |
| meet | **gemete** lengte |
| | met **afgemete** stap |
| ondergaan | 'n **ondergane** operasie |
| ontslaap | **ontslape** digters |
| sien | 'n **gesiene** inwoner |
| | 'n **ongesiene** vyand |

| | |
|---|---|
| skei | **geskeie** bemindes |
| sout | **gesoute** vleis |
| span | met **gespanne** aandag |
| staan | **uitgestane** smart |
| val | 'n **gevalle** meisie |
| vang | 'n **gevange** dief |
| vergeet | **langvergete** dae |
| verlaat | 'n **verlate** veepos |
| verloor | **verlore** kanse |
| volwas | **volwasse** mense |
| | **volwassenes** |

**Opm. 1.**—Daar bestaan 'n sterk neiging om ook in bogenoemde gevalle die tiepies Afrikaanse **-de** en **-te** te gebruik i.p.v. die oorgeërfde **-e.** Ons hoor daagliks b.v. die **geleesde** rapport (i.p.v. gelese); **uitgestaande** pyn (i.p.v. uitgestane); **ondergaande** operasies, ens.

**Opm. 2.**—Ook as predikatiewe bnw. kom hierdie volt. deelw. voor in geykte uitdrukkinge soos: die saak is al **beklonke,** hy was **besope,** is baie **afgetrokke, opgewonde, bekrompe, uitverkore, diepbewoë,** ens., ens.

**Opm. 3.**—Naas die oorgeërfde „sterk" volt. deelw. het in Afrikaans in baie gevalle 'n eie „swak" volt. deelw. ontstaan —die eerste word dan **figuurlik** (of in hoogdrawende styl) en die twede **letterlik** gebruik, soos blyk uit die volgende :—

| | | |
|---|---|---|
| slyp | 'n **geslepe** dief | 'n **geslypte** mes |
| breek | 'n **gebroke** hart | 'n **gebreekte** been |
| buig | met **geboë** hoof | 'n **gebuigde** tak |
| opwen | **opgewonde** mense | 'n **opgewende** horlosie |
| bind | 'n **gebonde** lewe | 'n **vasgebinde** gerf |
| skink | 'n **beskonke** vent | 'n **volgeskinkte** koppie |
| (be)trek | die **betrokke** persone | **betrekte** wild |
| uitsoek | 'n **uitgesogte** kans | **uitgesoekte** blomme |
| skep | 'n **geskape** mens | **geskepte** water |
| klink | 'n **beklonke** saak | 'n **omgeklinkte** spyker |
| deursteek | 'n **deurgestoke** kaart | **deurgesteekte** garing |

## Oefening 16a.

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om in sinne te gebruik :—

gevalle (snw.), gevalle (deelw.), werkwoordelike, naamwoordelike, bepaal, uiters, skilderagtige, attributiefgebruikte, geraak, neiging.

## Oefening 16b.

Skryf neer in kolomme: (a) die onvolt. deelw., (b) die volt. deelw., en (c) die infinitief (teenw. tyd, aktief) van:—

wees, het, hang, bestaan, leen, sing, imponeer, bak, doen, slaan, loop, teleurstel, verstaan, herinner, hou, geniet, gelukwens, verlang, bystaan, glimlag.

## Oefening 16c.

Gee **drie** voorbeelde van elkeen van die volgende:—

**Die onvolt. deelw.** as—(i) attributiewe bnw.; (ii) predikatiewe bnw.; (iii) snw.; (iv) byw.; (v) voors.

**Die volt. deelw.** as—(i) deel van die ww.; (ii) attrib. bnw.; (iii) pred. bnw.; (iv) snw.; (v) byw.

## Oefening 16d.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik uitkom:—

geslypte, geslepe; gebreekte, gebroke; gebuigde, geboë; betrekte, betrokke; geskepte, geskape; deurgesteekte, deurgestoke; uitgesoekte, uitgesogte; opgewende, opgewonde; die kamer is gemeubileer, die kamer is gemeubileerd; verwar, verward.

## Oefening 16e.

Vul in die regte vorm van die volt. deelw. van die ww. tussen hakies:—

| | | |
|---|---|---|
| 'n (buig) tak | 'n (verag) persoon | 'n (strand) skip |
| (stoof) patats | 'n (sak) kandidaat | (sif) meel |
| (braai) vleis | (radbraak) Engels | 'n (ploeg) land |
| (verlaat) huise | 'n (verbaas) gesig | 'n (boor) gat |
| 'n (lap) broek | 'n (droom) droom | (slyp) messe |
| (skeur) klere | 'n (styf) boordjie | (meng) tabak |
| (kap) hout | 'n (hoogplaas) persoon | (gis) wyn |
| (steel) vrugte | (kartel) hare | die (maai) koring |

## Oefening 16f.

Soos vorige oefening:—

| | | |
|---|---|---|
| 'n (bederf) kind | 'n (bestry) mosie | (neem) besluite |
| (sweer) vriende | (beskryf) wette | 'n (val) vrou |
| (verslyt) klere | (sing) liedere | (lees) boeke |
| (slyp) diewe | (verberg) skatte | 'n (breek) koppie |
| (slyp) messe | met (span) aandag | 'n (breek) stem |

| | | |
|---|---|---|
| 'n (gee) belofte | 'n (aanneem) kind | (betrek) lug |
| 'n (bekrimp) uitsig | (bespreek) plekke | (betrek) wild |
| 'n (wel skep) kind | 'n (volskink) koppie | (ly) onreg |
| (opskep) kos | 'n (beskink) man | (skend) eer |
| (genees) wonde | (ondergaan) operasies | (skei) vriende |
| 'n (aanneem) voorstel | die (bery) skutters | (doen) sake |
| 'n (verwerp) voorstel | 'n (ontslaap) profeet | (uitstaan) pyn |
| (dwing) onderwys | die (betrek) afdeling | (verloor) kanse |

## Oefening 16g.

Vul in die regte vorm van die volt. deelw. tussen hakies :—

(1) Piet het hom eers daaroor (bekommer), maar nou lewe hy (onbekommer) voort.

(2) Hy was (verwonder) om te hoor dat ek my oor so iets (verwonder) het.

(3) Daardie man, wat baie (beroem) is, (beroem) hom altyd op sy verlede.

(4) Piet was sedig en (bedaar) nadat sy hartstogte 'n bietjie (bedaar) het.

(5) Prof. S. het hard (geleer) en nou is hy baie (geleer).

Verklaar waarom die verl. deelw. in die sinne hierbo verskil.

## TIEN VRAE (op Hoofstuk 16).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is 'n deelwoord en waarom word dit so genoem ?
2. Hoe word die onvolt. deelw. gevorm ?
3. Hoe word die onvolt. deelw. gebruik ?
4. Hoe word die volt. deelw. gevorm ?
5. Hoe word die volt. deelw. gebruik ?
6. Verklaar duidelik wat die onderskeid is tussen : **die kamer is gemeubileer,** en **die kamer is gemeubileerd.**
   Gee nog sulke gevalle.
7. Wat is ,,sterk" en wat ,,swak" volt. deelwoorde ?
8. Waar kry ons die ,,sterk" volt. deelw. vandaan ?
9. Weet jy van ander dinge wat ons uit dieselfde bron gekry en onveranderd behou het ?
10. Watter onderskeid word gewoonlik gemaak waar twee volt. deelw., één sterk en één swak, naas mekaar voorkom as attributiewe bnw. ?

## HOOFSTUK SEWENTIEN.

## DIE WERKWOORD—**SAMEGESTELDE EN AFGELEIDE WW.**

Die woordvoorraad van 'n taal is gedurig besig om te verander : party woorde raak totaal in onbruik (archaïsmes) ; splinternuwe woorde word geskep (neologismes) ; bestaande woorde ondergaan betekenisverandering ; van bestaande woorde word nuwe woorde gevorm ; ens. (sien ook volgende hoofstuk en Hoofstuk 24).

Twee van die mees gebruiklike middele wat aangewend word om nuwe woorde te vorm van reeds bestaande woorde, is **samestelling** en **afleiding.**

By SAMESTELLING word twee (of meer) reeds in die taal bestaande woorde eenvoudig aanmekaar gelas om sodoende 'n nuwe woord met 'n nuwe betekenis te vorm. Langs hierdie weg kry ons **samegestelde snw.,** soos inkpot, grassaad ; **samegestelde ww.,** soos asemhaal, voorgee, misvorm, ens. ; samegestelde bnw., byw., ens. (sien verder Hoofstuk 18).

By AFLEIDING word van reeds bestaande woorde nuwes gevorm deur gebruik te maak van **voorvoegsels** (**aarts**vyand, **be**stel) of **agtervoegsels** (vyand**ig,** vyand**elik**), of deur **interne klankverandering** (brok van breek, buk van buig). Sien verder Hoofstuk 18.

Ook die werkwoord se woordvoorraad is (en word nog steeds) aansienlik uitgebrei langs die weg van samestelling en afleiding.

### SAMEGESTELDE WERKWOORDE.

Samegestelde ww. in Afrikaans kan in twee klasse verdeel word :—

A. **Skeidbaar** samegestelde ww., en

B. **Onskeidbaar** samegest. ww.

Soos die name aandui, kan die dele in die eerste geval van mekaar geskei word, in die twede geval nie.

Samegest. ww. kan in die lewe geroep word deur in verbinding met 'n reeds bestaande ww. te gebruik : 'n **snw.** (dagsê, asemhaal,

stofskop); 'n **bnw., byw.** of **voors.** (hoogskat, swartsmeer, ingaan). Die oorspronklike ww. vorm dan altyd die twede deel van die samestelling, soos blyk uit hierdie paar voorbeelde.

## A. SKEIDBAAR SAMEGESTELDE WW.

Ww. wat skeidbaar samegestel is :—

(1) Het die **klemtoon** (aksent) op die **eerste deel,** d.w.s. op die naamwoord (snw., bnw., byw., of voors., wat dit ook al mag wees) :—

ásemhaal, hóoghou, óppas.

(2) Neem **-GE** in die **verlede deelwoord,** waar die **GE- tussen die dele** van die samestelling staan ; die naamwoord + **GE-** + ww. word dan **as één woord** geskrywe:—

asem**ge**haal, hoog**ge**hou, op**ge**pas.

(3) Die **dele word altyd geskei behalwe**—

(a) in die inf. sonder **te** of **om te** :—

sal asemhaal, moet hooghou, ens.

(b) in die onvolt. deelw. : asemhalende, hooghoudende, oppassende.

(c) in 'n bysin in die onvolt. teenw. tyd :

Hy vra of ek nou **asemhaal.**

As jy nie **oppas** nie, sal jy sak.

Dat daar tussen die dele van die geskeie ww. dikwels etlike woorde en sinsnedes kan voorkom, blyk uit sinne soos :—

Jan **pas** die kinders goed **op.**

Ons **sluit** 'n eksemplaar van ons pryslys **in.**

Om skeidbaar samegest. ww. te vorm, word dikwels die hulp ingeroep van die voors. (byw.) **aan, af, agter, binne, bo, buite, by, deur, in, mee, na, om, onder, oor, op, teen, tussen, uit, verby, voor,** sodat ons van één ww. 'n massa samegestelde ww. kan kry, elkeen met 'n eie betekenis, soos die geval is met b.v. **kom** in : aankom, afkom, agterkom, binnekom, bokom, bykom, deurkom, inkom, meekom, nakom, omkom, oorkom, opkom, teenkom, uitkom, verbykom, voorkom.

Boonop vind ons baie keer dat één en dieselfde samegest. ww. met meer as een betekenis voorkom, soos **omkom** in : ek **kom** more by jou **om** (sal daar aangaan) ; baie mense het van honger **omgekom** (gesterwe) ; sodat Afrikaans in sy skeidbaar samegest. ww. inderdaad 'n taal-goudmyn besit.

VERVOEGING VAN **OPPAS** (skeidbaar samegestelde ww.).

| | **Bedrywende Vorm.** | **Lydende Vorm.** |
|---|---|---|
| | AANTONENDE WYS. | |
| Onvoltooid teenwoordige tyd | ek pas op | ek word opgepas |
| Voltooid teenwoordige tyd | ek het opgepas | ek is opgepas (geword) |
| Onvoltooid verlede tyd | ek het opgepas | ek is opgepas (geword) |
| Voltooid verlede tyd | ek het opgepas | ek was opgepas |
| Onvoltooid toekomende tyd | ek sal oppas | ek sal opgepas word |
| Voltooid toekomende tyd | ek sal opgepas het | ek sal opgepas geword het |
| Onvoltooid verlede toekomende tyd | ek sou oppas | ek sou opgepas word |
| Voltooid verlede toekomende tyd | ek sou opgepas het | ek sou opgepas geword het |
| | GEBIEDENDE WYS. | |
| 2e Persoon | pas op, jy moet oppas | word opgepas, jy moet opgepas word |
| 3e Persoon | laat hom oppas, hy moet oppas | hy moet opgepas word |
| | AANVOEGENDE WYS. | |
| Teenwoordige tyd | ek sou (mag) oppas | ek sou (mag) opgepas word |
| Verlede tyd | ek sou (mag) opgepas het | ek sou (mag) opgepas geword het |
| | ONBEPAALDE WYS. | |
| Teenwoordige tyd | oppas, op te pas, om op te pas | (om) opgepas te word |
| Verlede tyd | (om) op te gepas het | (om) opgepas te geword het |
| | DEELWOORDE. | |
| Onvoltooid | oppassende | ——— |
| Voltooid | ——— | opgepas |

## B. ONSKEIDBAAR SAMEGESTELDE WW.

Ww. wat onskeidbaar samegestel is :—

(1) Het die **klemtoon** op die **laaste deel** :—
miskén, aanváar, voltóoi.

(2) Neem **nooit GE-** in die **verl. deelw.** nie :—
(het) misken, (het) aanvaar, (het) voltooi.

(3) Die **dele** word **nooit geskei** nie, soos blyk uit die volgende voorbeelde :—
My vriende het my smadelik **misken.**
Wanneer sal jy jou nuwe betrekking **aanvaar** ?
„Het" is hier noodsaaklik **om** die werkwoordtyd **te voltooi.**
Hy sê dat hy sy voorregte **misbruik** het.

Om onskeidbaar samegestelde ww. te vorm word die hulp ingeroep van voors. (byw.), o.a. **aan, agter, deur, om, onder, oor, voor, weer** ; en ook af en toe van **mis** en die bnw. **vol.** Die getal onskeidbare ww. is verreweg nie so groot as dié van die skeidbare ww. nie. Die bekendstes wat in Afrikaans bestaan word hieronder aangegee.

### 'n Lysie onskeidbare ww.

(aksent op **laaste** deel).

| | | |
|---|---|---|
| aanváar | onderdrúk | oortrée |
| agterháal | ondergáan | oortref |
| agtervólg | onderhandel | oorvál |
| deurdríng | onderhóu | oorwéeg |
| deursóek | ondermyn | uitoorlê |
| deurtrék | ondernéem | volbring |
| misbruik | onderskep | voldoen |
| misdoen | ondersoek | volhard |
| mishaag | ondersteun | voltooi |
| mishandel | onderteken | voorkóm |
| misken | ondervra | voorsê |
| mislei | onderwerp | voorsien |
| misluk | oorbluf | voorspél |
| omhels | oordink | weerkaats |
| omring | oordryf | weerklink |
| omsingel | oorheers | weerlê |
| omskryf | oorlewe | weerspreek |
| omvat | oorlê | |

VERVOEGING VAN **MISKEN** (onskeidbaar samegest. ww.)

| | **Bedrywende Vorm.** | **Lydende Vorm.** |
|---|---|---|
| | AANTONENDE WYS. | |
| Onvoltooid teenwoordige tyd | ek misken | ek word misken |
| Voltooid teenwoordige tyd | ek het misken | ek is misken (geword) |
| Onvoltooid verlede tyd | ek het misken | ek is misken (geword) |
| Voltooid verlede tyd | ek het misken | ek was misken |
| Onvoltooid toekomende tyd | ek sal misken | ek sal misken word |
| Voltooid toekomende tyd | ek sal misken het | ek sal misken geword het |
| Onvoltooid verlede toekomende tyd | ek sou misken | ek sou misken word |
| Voltooid verlede toekomende tyd | ek sou misken het | ek sou misken geword het |
| | GEBIEDENDE WYS. | |
| 2e Persoon | misken, jy moet misken | word misken, jy moet misken word |
| 3e Persoon | laat hom misken, hy moet misken | hy moet misken word |
| | AANVOEGENDE WYS. | |
| Teenwoordige tyd | ek sou (mag) misken | ek sou (mag) misken word |
| Verlede tyd | ek sou (mag) misken het | ek sou (mag) misken geword het |
| | ONBEPAALDE WYS. | |
| Teenwoordige tyd | misken, te misken, om te misken | (om) misken te word |
| Verlede tyd | (om) te misken het | (om) misken te geword het |
| | DEELWOORDE. | |
| Onvoltooid | miskennende | ——— |
| Voltooid | ——— | misken |

## DIESELFDE WW. SKEIDBAAR EN ONSKEIDBAAR.

Soos ons reeds bo opgemerk het, is die vernaamste verskilpunt tussen skeidbare en onskeidbare ww. die **klemtoon** of aksent. Ons het gesien dat as die ww.—

(1) **Skeidbaar** is, is die **klemtoon** op die **eerste deel** (d.w.s. op die naamwoordelike deel) : óppas.

(2) **Onskeidbaar** is, is die **klemtoon** op die **twede deel** (d.w.s. op die werkwoordelike deel) : miskén.

Hierdie feit blyk verder uit 'n aantal gevalle waar 'n samegest. ww. skeidbaar of onskeidbaar kan wees (met verskillende betekenisse en gebruik) al na gelang die aksent op die eerste of twede deel val. Vergelyk die volgende :—

| **Skeidbaar.** | **Onskeidbaar.** |
| --- | --- |
| (1) Die son het **óndergegaan.** | (1) Hy het 'n operasie **ondergáan.** |
| (2) Ek het Jan se kop **óndergehou.** | (2) Hy het sy arme ou moeder **onderhóu.** |
| (3) Dit het my snaaks **vóorgekom.** | (3) Hy het 'n ongeluk net betyds **voorkóm.** |

Verdere voorbeelde is :—

{ **vóorspel** : om iemand iets voor te spel(le).
{ **voorspél** : vooruit sê wat gaan gebeur.

{ **óorweeg** : iets (b.v. suiker) vir 'n twede keer letterlik weeg.
{ **oorwéeg** : iets (b.v. aansoek) vir 'n twede keer figuurlik weeg (daaroor nadink, ens.).

{ **ónderdruk** : letterlik, b.v. Jan se kop onder water.
{ **onderdrúk** : figuurlik, b.v. 'n koning sy onderdane.

{ **óordryf** : letterlik, b.v. 'n bootjie oor 'n rivier.
{ **oordrýf** : b.v. 'n gebeurtenis oordryf.

{ **óorval** : omval, nie staande bly nie.
{ **oorvál** : verras : ons het die vyand oorvál.

{ **óorsien** : vergewe : ek het sy fout hierdie keer maar oorgesien.
{ **oorsíen** : in sy geheel bekyk, b.v. al die vorme van 'n taal.

{ **óorlê** : op 'n plek oorbly.
{ **oorlê** : beraam, reël.

{ **óortree** : letterlik, b.v. oor 'n streep, lyn, ens.
{ **oortrée** : figuurlik, b.v. die wet.

**vóorsê** : iemand iets vóorsê, b.v. 'n woord.
**voorsê** : vooruit sê wat gaan gebeur.

**déurtrek** : Ons het die hele land deurgetrek, d.w.s. van één end tot die ander.
**deurtrék** : Ons het die hele land deurtrek, d.w.s. ons was op al die verskillende plekke.

Uit die voorbeelde blyk dat ons meestal by die skeidbare ww. (aksent op eerste stel) die naamwoord (die eerste deel) in sy volle krag en oorspronklike betekenis terugkry, terwyl dit nie die geval is by die onskeidbare ww. nie (aksent op twede deel): hier het die naamwoord (eerste deel) se oorspronklike betekenis òf heeltemal verlore geraak òf dit het baie van sy krag verloor. Daarom vind ons dikwels dat die **skeidbare** ww. in **letterlike** sin en die **onskeidbare** in **figuurlike** sin gebruik word, soos by óorweeg en oorweég, óortree en oortrée, ens.

**Opmerking.**—Daar is 'n klompie samegestelde ww. wat nie meer as sulks gevoel word nie. Hulle word as enkelvoudige ww. behandel, en volg die vervoeging van KIES, d.w.s. hulle neem gewoonweg **ge-** in die verl. deelw., b.v.

**dwarsboom**—gedwarsboom
**glimlag**—geglimlag
**herberg**—geherberg
**seëvier**—geseëvier
**waarborg**—gewaarborg
**waarsku**—gewaarsku
**dagvaar**—gedagvaar

## AFGELEIDE WERKWOORDE.

Ons kan afgeleide ww. in drie klasse verdeel :—

(1) Ww. deur **voorvoegsels** van ander ww. afgelei.
(2) **Denominatiewe,** d.w.s. ww. van naamwoorde afgelei.
(3) **Deverbatiewe,** d.w.s. ww. van ander ww. afgelei (meestal deur klankverandering).

### 1. AFLEIDING DEUR VOORVOEGSELS.

Van reeds bestaande ww. kan nuwes afgelei word deur gebruik te maak van die volgende voorvoegsels :

**be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-.**

#### BE-.

**Be-** het oorspronklik **om** of **oor** beteken, soos nog blyk uit ww. soos : besmeer, besaai. Met verloop van tyd kry ons **be-** egter **met baie betekenisse en funksies,** o.a. om onoorg. ww.

oorg. te maak : bewoon, bereken, begaan ; om die begin van 'n werking aan te dui : bespeur, bemerk ; om die einde van 'n werking aan te dui : bereik, beëindig ; ens.

Daar is 'n hele lysie sulke ww. met be-.

## GE-.

**Ge-** het oorspronklik **saam** beteken, soos ons nog kan sien by ww. soos **geniet, gesels.** Sy oorspronklike krag het **ge-** egter heeltemal verloor, net soos baie van die ww. waarvan die **ge-** ww. afgelei is, nie meer bestaan nie, vgl. **geniet, genees, gebeur.**

## ER-.

**Er-** het oorspronklik **uit** beteken, maar het ook sy betekenis verloor. Ww. met **er-** afgelei is nogal 'n seldsaamheid : **erken, erlang** (verkry), **ervaar, erbarm.**

## HER-.

**Her-** beteken **weer,** en dui dus 'n herhaling aan : herhaal, herdenk, herdruk, herinner, herstel, ens.

## ONT-.

**Ont-** beteken oorspronklik **uit,** soos nog blyk uit ontspruit, ontstaan, ontkom, ens.

Verder kry ons **ont-** in die betekenis **weg van** (beroof van) : ontdek, ontsnap, onttrek, ontvoer. Dikwels dui **ont-** ook die **begin** aan : ontstaan, ontbyt ; of die **end** : ontroof.

## VER-.

Ww. met **ver-** afgelei tref ons in honderde in Afrikaans aan. Dikwels het dit **'n slegte betekenis** (verdoem, verlei, verderf, verdraai) ; in ander gevalle dui dit 'n **verandering van toestand** aan (verdrink, verbuig) ; ens.

## 2. DENOMINATIEWE.

Denominatiewe is ww. wat van naamwoorde afgelei is, meestal van **snw.** en **bnw.,** met of sonder voorvoegsels en agtervoegsels.

### Van snw. afgelei.

(1) Met voorv. **be-** en **ver-** : bekrans, bekroon, beman, besiel ; verjaar, verkrag, vervel, versteen.

(2) Met voorv. **ont-** : onthoof, onteer.

Sulke ww. word ook wel **privatiewe** genoem (privare = beroof), omdat hulle 'n berowing aandui (onthoof = van hoof beroof ; onteer = van eer beroof).

(3) Met agtervoegsel **-ig** : eindig, pynig.

(4) Met agtervoegsel **-eer** : balanseer, eksamineer.

Ons kry denominatiewe waar die ww. **dieselfde vorm** vertoon as die snw. waarvan dit afgelei is : ploeg, hak.

**Opm. 1.**—Ons kry 'n paar denominatiewe met voorv. **ant-** en **wan-** :—

**antwoord, wanhoop, wantrou.**

Hulle neem soos gewone (enkelvoudige) ww. **ge-** in die verl. deelwoord : **ge**antwoord, **ge**wanhoop, **ge**wantrou.

**Opm. 2.**—**Ornatiewe** (Latyn ornare = versier, voorsien van) is die teenoorgestelde van privatiewe—waar laasgenoemde, soos ons hierbo gesien het, 'n ,,berowing'' aandui, dui ornatiewe 'n ,,versiering'' of ,,toevoeging'' of ,,voorsiening van'' aan, b.v. **beman** (voorsien van manskappe) ; **balsem** (voorsien van welriekende salf) ; **kroon,** ens.

**Opm. 3.**—Ons kry privatiewe ook sonder voorv. ont- b.v. **skil** (beroof van die skil) ; **top** (ww.) ; ens.

**Van bnw. afgelei.**

(1) Met voorv. **be-, ver-, ont-** : beveilig, bedroef ; vergroot, verklein ; ontnugter.

Veral dié met **ver-** is volop : verhoog, verlaag, vergoddelik, verkort, verleng, verduidelik, veragter, verarm, verbeter, verdiep, ens., ens.

(2) Met agterv. **-eer** : halveer, trotseer.

Ons kry ook denominatiewe waar die ww. **dieselfde vorm** vertoon as die bnw. waarvan dit afgelei is : **wit** (d.i. wit maak), **kort** (kort maak).

**Opm.**—Enkele denominatiewe is ook van **voors.** en **byw.** afgelei : **nader** (van na), **uiter** (van uit), **opper** (van op).

## 3. DEVERBATIEWE.

Deverbatiewe is ww. wat **van ander ww. afgelei** is, nie deur voorv. nie, maar meestal deur **klankverandering** (wat dikwels gepaard gaan met 'n agterv., soos **-el, -er** ; sien frekwentatiewe hieronder).

Ons kan deverbatiewe, al na gelang van hulle betekenis, verdeel in :—

(1) **Kausatiewe** (causa = oorsaak), d.w.s. ww. wat 'n **oorsaak** aandui :—

**drenk** afgelei van : drink, beteken : doen drink.
**wek** afgelei van : waak, beteken : doen ontwaak.
**vel** afgelei van : val, beteken : doen val.
**soog** afgelei van : suig, beteken : doen suig.

Ons sal oplet dat die oorspronklike ww. (drink, ens.) meestal onoorg. is, die afgeleides oorganklik (transitief).

(2) **Frekwentatiewe** (frequens = herhaaldelik), d.w.s. ww. wat 'n **herhaling** aandui :—

**hakkel** afgelei van : haak (hak), beteken : weer haak.
**brokkel** afgelei van : breek, beteken : weer breek.
**bedel** afgelei van : bid, beteken : weer bid.
**trappel** afgelei van : trap, beteken : weer trap.
**klapper** afgelei van : klap, beteken : weer klap.

(3) **Intensiewe** (intens = heftig), d.w.s. ww. wat 'n sterker graad as die oorspronklike ww. aandui :—

**buk** is 'n sterker graad van : buig.
**hik** is 'n sterker graad van : hyg.
**stik** (van styg), **knik** (van nyg),
**wik** (van weeg), **knip** (van knyp), ens.

**Opm.**—Party deverbatiewe kan òf tot die frekwentatiewe òf tot die intensiewe gereken word : **jakker** (van ja), **snuffel** (van snuif), **stotter** (stoot), **kibbel** (kyf), **bibber** (beef), ens. Hulle dui 'n herhaling en tegelyk 'n hoër graad aan.

## Oefening 17a.

Tien woorde (uit hierdie hoof.) om sinne mee te maak :—

gebruiklik, aanwend, middele, verbinding, blyk, aandui, sinsnedes, verreweg, funksie, seldsaamheid.

## Oefening 17b.

Vul in die regte vorm van die ww. tussen hakies :—

(1) Ek (gelukwens) jou met die aanstelling.
(2) Gert (misskiet) die voël.
(3) Jan (liefhê) sy ouers en (oppas) dat hy hulle nie (seermaak) nie.

(4) Ek het my ou moeder (onderhóu).
(5) Ek het Jan se kop (ónderhou).
(6) Die son (opkom) soggends en (ondergaan) saans.
(7) Ons (insluit) 'n kwitansie vir dié bedrag.
(8) Die Kaffer het die perd (losmaak).
(9) Hy het oor die moeilikhede (seëvier).
(10) (Neersit) die koppie op die tafel.
(11) Hy het sy voorregte (misbruik).
(12) (Deurbring) jou vakansie by ons.
(13) As jy uitgaan, (toemaak) die deur.
(14) Ek kon die ongeluk nie (voorkom) nie.
(15) Wanneer (voorkom) die moordenaar ?

## Oefening 17c.

(1) Vorm twee samegest. ww. (één skeidbaar en één onskeidbaar) van elk van die volgende :—
bring, kaats, lei, skryf, teken, vra, lê, skep, vat, doen.
(2) Vorm deur middel van die voorv. be-, ge-, er-, her-, ont-, ver- afgeleide ww. van :—
staan (3), gaan (3), kom (2), ken (5), vaar (2).
(3) Gebruik die vyf ww. wat jy van **ken** (sien 17c (2) ) afgelei het in goeie volsinne.

## Oefening 17d.

(1) Vorm denominatiewe van : krans, vel, pyn, balans, eer, einde, hoof, hak.
(2) Vorm kausatiewe van : drink, val, waak, suig.
(3) Vorm frekwentatiewe van : breek, trap, bid, haak, stoot, skuif, beef, kyf.
(4) Vorm intensiewe van : hyg, nyg, knyp, buig.

## Oefening 17e.

Die o.s. samegest. ww. kom sowel skeidbaar as onskeidbaar voor. Maak twee sinne met elk om hierdie gebruik aan te toon.
oorweeg, oordryf, oorlê, voorsê, ondergaan.

## Oefening 17f.

Vorm van elk van die volg. ww. **tien** samegestelde ww. (gebruik voorv. soos : aan, af, ens.) :—
bly, bring, gaan, hou, staan, trek.

## Oefening 17g.

Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm :—

(1) Ek pas die kinders op.
(2) Ek sal die kinders oppas.
(3) Ek het die kinders opgepas.
(4) Jy oortree die wet.
(5) Hy waarsku die seun.
(6) Ek sal jou brief seker more ontvang.
(7) Ek mag darem seker die werk voltooi.
(8) Laat hom die man ontmoet.
(9) Jy moet more die dam toemaak.
(10) Hy sal die saak deeglik ondersoek.

## Oefening 17h.

Skryf neer die drie hooftye van die volgende ww. (b.v. ek gaan, ek sal gaan, ek het gegaan) :—

geniet, ervaar, verlang, gelukwens, wanhoop, gebeur, dra, gedra, bestuur, volhard, mishaag, verhuur, aanwys, ontdek, genees, deurbring, verdwyn, afdruk, verwys, ontmoedig, bystaan, bereik, glimlag, verhinder, ontwyk.

## Oefening 17i.

Vul in o.s. sinne die ontbrekende ww. aan (met die nodige voorvoegsels, ens.) :—

**Staan.**—Hy praat so onduidelik dat ek niks kan — nie. Ek het vroeg —. Alle goeie dinge — uit drie. Hoe het die brand — ? Hy wou geen pennie vir dié doel — nie. Ek kan — vir wat hy sê.

**Ken.**—Hiermee wens ek die ontvangs van u skrywe van 10 des. te —. Vroeër het ons mekaar goed —, maar hy het so verander dat ek eerlik moet — dat ek hom nie dadelik — het nie. Hy sê hy het dit nie gedoen nie ; hy — dus sy skuld. As jy skuld het moet jy dit maar dadelik —. Dis pynlik as jou vriende jou altyd —.

**Hou.**—Jan het bo op Piet gesit en hom —. Hy het sy arm moeder —. Ek kan nie — waar ek hom gesien het nie. Hy het later maar — omdat hy nie langer kon — nie. Ons moet die mooi dinge, wat ons uit Nederlands geërf het, —.

**Gaan.**—Jy het 'n fout — : jy moes nie nou al die operasie — het nie. Wie die man is wat met my — het, is my nou heeltemal —. Die son het — voordat die skip — het.

## Oefening 17j.

Soos vorige oefening :—

**Soek.**—Ek het hom gaan —. Hy het my — om in te kom. Ons het die saak —. Hy het die mooiste blomme —.

**Stel.**—Het jy die goedere al — ? Ek — dat Jan as voorsitter — is ? Na sy siekte het hy baie gou —. Moet jou nie daaroor — nie.

**Haal.**—Sal jy asb. — hoeveel punte jy — het ? Hulle het ons vriendelik —. Hy het — hoe hulle na drie dae die vyand — het. Ek het Jan by die stasie gaan —.

**Neem.**—Ek het sy voorstel nie — nie. Hy het hom — om nooit te veel dinge tegelyk te — nie. Ons het — van u onlangse siekte wat al u kragte — het. Wie het my boek — ? Jan het Piet se kos —.

## TIEN VRAE (op Hoofstuk 17).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is die onderskeid tussen samestelling en afleiding, en vir watter doel maak ons van hulle gebruik ?
2. Wat is die verskil tussen skeidbaar en onskeidbaar samegest. ww. ?
3. Watter voorsetsels of bywoorde word gebruik om samegest. ww. te vorm ?
4. Wat is die vernaamste verskil tussen skeidbare en onskeidbare ww. ? Kan één en dieselfde ww. sowel skeidbaar as onskeidbaar wees ?
5. Watter samegestelde ww. word nie meer as sulks gevoel nie, en hoe word hulle vervoeg ?
6. Watter voorv. word gebruik om afgeleide ww. te vorm ?
7. Wat is (a) denominatiewe, (b) privatiewe ?
8. Wat is deverbatiewe ?
9. Wat is—(a) kausatiewe, (b) intensiewe, (c) frekwentatiewe ?
10. Gee vier ww. wat òf tot die frekwentatiewe òf tot die intensiewe kan gereken word, en sê waarom.